Bybel vir Kinders

bied aan

Die Kerk se Geboorte

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Aangepas deur: Ruth Klassen
Alastair Paterson
Vertaal deur: Gert Badenhorst

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Toe Jesus gesterf het, het sy verskrikte volgelinge gaan wegkruip. Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy aan sy dissipels verskyn. Jesus was lewendig! Maar – Jesus was van plan om hulle te verlaat en na die hemel terug te keer, na waar Hy altyd saam met God, sy Vader, geleef het.

Vóór Hy weg is, het Jesus sy volgelinge belowe dat Hy die Gees van God sou stuur om hulle Trooster en Hulp te wees (Johannes 15:26). Dié tyd was naby! 'n Paar dae nadat Jesus weg is, het God die Heilige Gees gekom.

Dit het só gebeur: Omtrent 120 van Jesus se volgelinge het saam gebid in 'n huis. Skielik is die huis gevul met die geluid van 'n geweldige stormwind.

Tonge van vuur het op elke persoon gekom. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul – net soos Jesus belowe het!

Buite in die strate het Jesus se volgelinge tale gepraat wat hulle nie tevore geken het nie. Vreemdelinge wat Jerusalem besoek het, het gehoor hoe die dissipels oor die wonderlike dade van God
praat in
baie tale.

Die besoekers was verstom. “Wat kan dit alles beteken?” het hulle gevra. “Hulle is dronk!” het ander gespot.

Maar Petrus het gesê: “Hierdie mense is nie dronk nie ... hier gebeur wat God deur die profeet Joël belowe het ...” Petrus het hulle daaraan herinner dat God baie jare tevore belowe het dat die Heilige Gees sou kom om mense te seën en te help.

Petrus het vir die mense gesê hulle moet hulle sonde laat staan en in die Naam van Jesus Christus gedoop word. "... en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang," het Petrus gesê. Omtrent 3,000 mense het gehoorsaam.



Hulle het by die dissipels aangesluit as aanbidders van Jesus. Soos die tyd verbygegaan het, is meer en meer mense toegevoeg tot die kerk wat God begin het die dag toe die Heilige Gees gekom het.



Die Heilige Gees het sy krag in die lewe van God se mense laat kom. Eendag het Petrus en Johannes, toe dit gebedstyd was, saam tempel toe gegaan. 'n Verlamde bedelaar het buite die tempel se ingang gesit. Hy het vir Petrus en Johannes geld gevra.

Toe sê Petrus: "Geld het ek nie, maar wat ek het, gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus van Nasaret - staan op en loop!" Hy vat toe die man se regterhand en help hom op. Die man het opgespring en regop gestaan en hy kon loop. Daarna het hy saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy geloop en gespring en God geprys het.

'n Groot skare
het saamgedrom,
verstom oor
die wonderwerk.
Petrus het vir
hulle gesê dat dit
God se krag was
wat die verlamde
man genees het,
nie sy eie nie.

Toe Petrus die Jode daaraan herinner dat God vir Jesus uit die dood opgewek het, het die priesters vir Petrus en Johannes gearresteer en in die tronk gesit. En tog het Jesus se volgelinge tot 5,000 aangegroei.

Die volgende dag is Petrus en Johannes voor die tempel se raadslede gebring. “Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?” het die raadslede gevra.



Vol van die Heilige Gees het Petrus dapper geantwoord: "... dit is in die Naam van Jesus Christus van Nasaret dat hy hier gesond voor julle staan – dié Jesus wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het."



Petrus
het vreesloos
voortgegaan: “Daar
is geen ander naam
op die aarde aan
die mense gegee
waardeur God wil
dat ons verlos
moet word nie.”

Omdat hulle
nie wou hê dat
die mense in
Jesus moet
glo nie, het
die raadslede
vir Petrus
en Johannes
ernstig gedreig:
"Van nou af mag
julle met
niemand in die
naam van Jesus
praat nie."

Petrus was voorheen bang om vir Jesus op te kom. Maar dit was voordat die Heilige Gees gekom het. Nou kon niemand hom meer bang maak nie.

Petrus en Johannes het geantwoord: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nié te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."

Na nog
dreigemente
het die
raadslede
vir Petrus
en Johannes
losgelaat.
God se dapper
dienaars het hulle
medegelowiges
alles vertel wat
gebeur het.

Toe het hulle 'n ernstige biduur gehou. En weer het die Heilige Gees sy mense krag gegee – en die jong kerk het gegroei en gegroei.

Die Kerk se Geboorte

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Handelinge 1-4

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God
wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God! Johannes 3:16